



## Beste Meneer/Dame

Stedelikeafvalbestuur streef daarna om bewustheid te skep oor die oorsake en gevolge van swak afvalbestuursgedrag. Terselfdertyd probeer hy mense betrek by pogings om die gesondheids- en omgewingsimpak te versag deur hulle aan te moedig om so min as moontlik afval te skep en dit te hergebruik sodat dit nie op vullisterreine beland nie. Opvoeders, leerders en hul gesinne is belangrike vennote in die Stad se pogings om dit te doen, en die Stad bied leerders dus die geleentheid om een van sy geïntegreerde afvalbestuursfasiliteite te besoek om die afvalstroom-reis te ervaar en deel van die afvaloplossing te wees.

### 1. VEILIGHEIDSREËLS VIR BESOEKERS AAN DIE AFVALBESTUURSFASILITEIT

Besoeke aan die fasiliteit sal onder die leiding van opgeleide personeel geskied. Aangesien dit 'n bedryfsperseel is, is daar streng veiligheidsreëls en -regulasies. Alle besoekers sal hierdie reëls moet nakom en 'n vrywaringsvorm moet onderteken.

- Dra toe skoene wat nie sal gly nie.
- Jy sal 'n beffie ("bib") kry. Dra dit te alle tye, en gee dit na jou toer van die aanleg terug.
- Bly in jou groep met jou gids, en moenie afdwaal of rondhardloop nie.
- Luister na jou gids.

Ek, \_\_\_\_\_, die ondergetekende (volle naam en van van ouer/voog),  
ouer/voog van \_\_\_\_\_ (volle naam van kind), doen hiermee aansoek vir my kind  
om op \_\_\_\_\_ (datum) deel te neem aan die uitstappie/besoek wat die Stad Kaapstad  
se departement stedelikeafvalbestuur by die fasiliteit aanbied.

☐ Ouer/voog (werk of alternatief): \_\_\_\_\_  
Sel: \_\_\_\_\_

### 2. NOODKONTAKBESONDERHEDE

In die geval van nood, kontak asseblief vir \_\_\_\_\_ (volle naam en van) by  
\_\_\_\_\_ (kontakbesonderhede). Verskaf asseblief enige mediese toestande  
waarvan die Stadspersoneel bewus behoort te wees, indien enige (bv. epilepsie, allergieë,  
ens.).

---

---

---

### 3. OUERTOESTEMMING EN -VRYWARING

☐ Ek gee toestemming dat my kind aan hierdie uitstappie deelneem.

☐ Ek verstaan ten volle en aanvaar dat alle aktiwiteite op my kind se eie risiko onderneem word.

Ek is bewus daarvan dat nòg die Stad Kaapstad nòg sy personeel of agente verantwoordelikheid aanvaar vir enige verlies, besering of skade wat die persoon of besittings van my kind kan opdoen terwyl hy/sy aan die uitstappie/besoek deelneem, en doen afstand van enige reg wat my kind of ek kan hê om vergoeding van die Stad Kaapstad, sy personeel of agente te eis vir enige verlies, besering of skade opgedoen terwyl hy/sy by die uitstappie/besoek betrokke is, hoe ook al dit gebeur en of dit as gevolg van nalatigheid of andersins is. Ek vrywaar hulle hiermee teen enige en alle eise wat uit die uitstappie kan voortspruit,

Onderteken te \_\_\_\_\_ op hierdie \_\_\_\_\_ dag van \_\_\_\_\_ 20\_\_\_\_\_

### Handtekening van getuies

Getuie 1: \_\_\_\_\_

Getuie 2: \_\_\_\_\_

---

### 4. BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING

Die Stad erken dat hy, vir die doel van hierdie toestemmingsvorm, te doen kan kry met of toegang het tot persoonlike inligting en ander inligting wat geklassifiseer is of as privaat of vertroulik geag kan word en waarvoor die ouer/voog verantwoordelik is ingevolge die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting (Popia). Sodanige persoonlike inligting kan ook geag of beskou word as privaat en vertroulik sover dit Popia betref. Die ouer/voog stem in tot die insameling en verwerking van die persoonlike inligting ingevolge Popia. Hierdie inligting sal slegs gebruik word in die geval van 'n ongeluk/voorval gedurende die toer.

Die Stad bevestig dat hy te alle tye aan Popia sal voldoen en dat hy persoonlike inligting waarmee hy te doen kry voortspruitend uit hierdie ooreenkoms net op 'n wettige manier sal insamel, gebruik en verwerk, en net tot dié mate wat nodig is om die dienste te verskaf. Die Stad bevestig dat hy die ouer/voog onmiddellik in kennis sal stel as daar redelike gronde is om te glo dat enige ongemagtigde persoon toegang verkry het tot die persoonlike inligting van 'n datasubjek of dat sodanige ongemagtigde persoon dit aangeskaf het.

Tensy die wet dit so vereis, stem die Stad in dat hy die persoonlike inligting as vertroulik sal hanteer en nie enige persoonlike inligting soos in Popia omskryf, sonder die vooraf skriftelike toestemming van die ouer/voog aan enige derde party openbaar sal maak nie.

Die ouer/voog vrywaar hiermee en stel die Stad skadeloos teen alle eise, verliese, skade en koste van watter aard ook al wat die ouer/voog kan ly voortspruitend uit die nienakoming van toepaslike databeskeringswette en/of ander wetgewing.

---

### **Vervoervrywaringsvorm**

As Stadsvervoer verskaf word, vul asseblief bylae 12: vervoervrywaringsvorm vir passasiers in.

Ek, die ondergetekende (volle naam en van in blokletters) \_\_\_\_\_, identiteitsnommer \_\_\_\_\_, ouer/voog van \_\_\_\_\_ (naam van kind) wat reis as 'n passassier in 'n motorvoertuig of 'n ander tipe Stadsvervoer, vrywaar en onthef die Stad, sy raad, raadslede, personeellede, amptenare en ander persone gemagtig deur die Stad, en stel hulle vry van alle aanspreeklikheid voortspruitend uit eise wat ek as ouer/voog kan hê vir enige besering (insluitende besering wat tot die dood lei), hoe ook al veroorsaak, wat my kind opdoen en vir verlies van of vir skade aan, hoe ook al veroorsaak, my kind se persoonlike besittings gely te eniger tyd gedurende die loop van sy/haar vervoer as 'n passassier in 'n motorvoertuig of 'n ander tipe Stadsvervoer.

Onderteken te \_\_\_\_\_ op hierdie \_\_\_\_\_ dag van \_\_\_\_\_ 20\_\_\_\_\_

### **Handtekening van getuies**

Getuie 1: \_\_\_\_\_

Getuie 2: \_\_\_\_\_

Gewysig te: 20/09/2022